basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING 2015**
**GRAAD 8 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**
**MEMORANDUM**

**Punte: 90** **Hierdie memo bestaan uit 5 bladsye**

**LET WEL:**

- Die memorandum dien as riglyne vir merkers.
- Leerders se antwoorde moet volgens meriete beoordeel word.
- Assesseer antwoorde in die geheel voordat punte toegeken word.

- Verkeerde spelling van eenwoord-antwoorde mag nie verkeerd gemerk word nie, behalwe as die spelling die betekenis van die woord verander.
- Moenie spelling en taalfoute in langer antwoorde penaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Vir oop antwoord word geen punte toegeken vir slegs JA/NEE of EK STEM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/moet die antwoord ondersteun.
- Vir FEIT/OPINIE vrae, moet die punte verdeel word, naamlik 'n punt vir FEIT/OPINIE en 'n punt vir die rede/motivering. Die punt vir die rede/motivering moet slegs toegeken word indien as die feit/opinie gedeelte van die antwoord, korrek is. Geen punt word toegeken vir 'n motivering of interpretasie indien die FEIT OF OPINIE in die eerste plek verkeerd was nie.
- Vir vrae waar aanhalings uit die teks benodig word, mag leerders nie gepenaliseer word vir die weglating van aanhalingstekens of vir 'n verkeerde spelling binne die aanhaling nie.
- Wanneer eenwoord-antwoorde gevra word en die leerder gee 'n hele sin, merk slegs korrek as die korrekte woord onderstreep/uitgelig is.
- Wanneer twee/drie feite vereis word en 'n hele reeks feite word gegee, word slegs die eerste twee/drie feite gemerk.
- Vir meervoudigekeuse vrae word BEIDE die letter, asook die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

| VRAAG NOMME | VOORGESTELDE ANTWOORDE | PUNTE |
|---|---|---|
| 1. | A rokers aan te moedig om op te hou rook.✓ | 1 |
| 2. | D roekeloos en onbedagsaam gerook het. ✓ | 1 |
| 3. | Word gebruik om twee woorde as een te skryf. /<br>Staan in die plek van "Ek het". / Staan in die plek van ’n klank wat uitgelaat is. | 1 |
| 4. | D ’n Klomp sigarette rook. ✓ | 1 |
| 5. | Nee.<br>Vroue moet op hul algehele gesondheid let.<br>Vroue lyk ouer as hulle rook.<br>Vroue moet ander nie-rokers in ag neem.<br>Vroue het die reg om te besluit of hulle wil rook. ✓✓<br>**OF**<br>Ja.<br>Rook kan die ongebore baba/ fetus beskadig.<br>Rook kan die baba/fetus se gesondheid aantas. ✓✓<br>**(Enige aanvaarbare antwoord wat gemotiveer is. Geen punte vir slegs Ja/Nee.)** | 2 |
| 6. | Hulle het ligter sigarette begin rook. ✓<br>Hulle het in die area vir nie-rokers in die restaurant gesit. ✓ | 2 |
| 7. | Die sigarette wat hulle gerook het, het geen smaak gehad nie. ✓<br>Dit het geproe of hulle lug of niks gerook het. ✓<br>**(Aanvaar enige verduideliking wat verband hou met die frase)** | 2 |
| 8. | Vals. ✓“Ek was bang” ✓<br>*“… was nie seker …” is nie aanvaarbaar nie.*<br>**(Geen punt vir Vals alleenlik nie. Leerder word nie gepenaliseer as daar nie aanhalingstekens is nie. As die leerder meer as drie woorde geskryf het moet die regte woorde uitgelug/onderstreep wees,)** | 2 |
| 9. | Leerders se eie opinie.<br>Voorgestelde antwoorde:<br>Hulle gesondheid sal verbeter.<br>Hulle gaan die risiko om siektes soos kanker, veral longkanker op te doen, verminder.<br>Hulle gaan moontlik ander mense se lewens spaar.<br>Hulle gaan die besoedeling van die omgewing stopsit. ✓ ✓<br>**(Enige aanvaarbare antwoord.)** | 2 |
| 10. | D die rookgewoonte stop gesit. ✓ | 1 |
| 11. | Die skrywer voel negatief daaroor. Die skrywer haat rook. Die skrywer hou nie van rook nie.<br>Rook is ’n gewoonte wat stopgesit moet word.<br>Rook is roekeloos, onverantwoordelik en onbedagsaam. ✓✓<br>**(Aanvaar enige antwoord wat die skrywer se negatiewe gevoel teenoor sigarette uitbeeld.)** | 2 |
| 12. | Om aan te dui dat hulle moes ophou rook.<br>Om aan te dui dat die frase letterlike en figuurlike betekenis dra. ✓<br>**(Aanvaar goedgemotiveerde antwoorde.)** | 2 |

| VRAAG NOMME | VOORGESTELDE ANTWOORDE | PUNTE |
|---|---|---|
| 13. | Oop antwoord.<br>Voorgestelde antwoorde:<br>Blus die rookgewoonte.<br>Hoe om op te hou rook. ✓ ✓<br>**(Aanvaar 'n titel wat uit SES of minder woorde bestaan. Geen direkte aanhalings mag aanvaar word nie.)** | 2 |
| 14. | **Die volgende hoofgedagtes en frases is voorbeelde van die verwagte antwoorde.**<br>1. Hulle het na 'n ligter sigaret oorgeskakel. ✓ ✓<br>2. Hulle het die rokersarea van die restaurant vermy. ✓ ✓<br>3. Ann het nie by die werk gerook nie. ✓ ✓<br>4. Ann het gedurende die dag ophou rook. ✓ ✓<br>5. Sy het nie meer in haar motor gerook nie. ✓ ✓<br>**(Aanvaar enige vyf stappe in enige volgorde.**<br>**Gee twee punte as die sin taalkundig korrek is en een punt as die sin korrek is, maar daar is taalfoute. Moenie leerders penaliseer as hulle aanhalings gebruik nie)** | 10 |
| 15. | C Alliterasie ✓ | 1 |
| 16. | Die stygende rook word met 'n donker siel ✓wat na 'n graf soek, vergelyk. ✓ | 2 |
| 17. | Rokers geniet✓ dit om te rook al is dit dodelik. ✓<br>Dit is 'n dodelike gif ✓ waaraan rokers verslaaf raak. ✓<br>Nikotien is skadelik ✓ vir die menslike liggaam, maar rokers rook dit in elk geval. ✓<br>Leerders moet in hulle antwoorde verwys na "dodelik"en "soet" verwys om twee punte te kry.<br>**(Enige aanvaarbare antwoord wat relevant is.)** | 2 |
| 18. | B vasgevang ✓ | 1 |
| 19. | Om enige vorm van rook / dwelmgebruik te vermy, want dit is lewensgevaarlik. ✓✓ | 2 |
| 20. | Voorgestelde antwoorde:<br>Die hart word vergiftig deur die aanwesigheid van gitige stowwe in die bloed.<br>Die hart is nie meer gesond nie as gevolg van die rookgewoonte.<br>Swart word geassosieer met besoedeling en dood.<br>Longe word besoedel en rook maak dood. ✓ ✓<br>**(Enige relevante antwoord wat verwys na die ongesonde impak wat rook op die hart het. Leerders moet na die hart en die kleur verwys.)** | 2 |
| 21. | Die boodskap is dat rook nie voordelig ✓vir die menslike liggaam is nie. ✓<br>**(Aanvaar enige gepaste antwoord.)** | 2 |
| 22. | Aanvaar enige aanvaarbare antwoord.<br>Rook is dodelik. ✓<br>Die titel ontsluit die inhoud van die gedig. ✓<br>**(Aanvaar 'n gemotiveerde antwoord)** | 2 |

| VRAAG NOMME | VOORGESTELDE ANTWOORDE | PUNTE |
|---|---|---|
| 23. | Nee.<br>Hy rook steeds.<br>Hy het ‘n sigaret/sigaar in sy mond (Iemand wat opgehou het, sou nie ‘n sigaret/sigaar in sy mond gehad het nie)✓✓<br>**(Nie ’n oop einde nie.)** | 2 |
| 24. | geur ✓<br>**(Spelling moet korrek wees.)** | 1 |
| 25. | dink ✓<br>**(Spelling moet korrek wees.)** | 1 |
| 26. | C wolk ✓ | 1 |
| 27. | A misluk ✓ | 1 |
| 28. | Hy het gesê dat✓ hy dink hy kan ophou rook. ✓ | 2 |
| 29. | Hy is ’n kok/sjef. ✓<br>Hy dra ’n toque/mussie/sjefhoed/beskermhoed. Hy dra ’n voorskoot. / Hy staan voor die stoof / kospotte / hy werk in die kombuis. ✓ | 2 |
| 30. | Hy rook terwyl hy kosmaak. /<br>Hy het slegs ’n frokkie aan terwyl hy kook/.<br>Hy is nie reg/gepas geklee terwyl hy kook nie./<br>Hy gooi sy as in die kos./<br>Hy lyk onhigiënies terwyl hy kos voorberei. /<br>**(Enige twee antwoorde wat kontras aandui.)** ✓ ✓ | 2 |
| 31. | Raampie 1: teleurgesteld, af, hartseer<br>Raampie 2: geskok/sprakeloos/teleurgesteld ✓ ✓ | 2 |
| 32. | in ✓<br>**(Spelling moet korrek wees.)** | 1 |
| 33. | negentig persent ✓<br>**(Spelling moet korrek wees.)** | 1 |
| 34. | Elke dag ✓<br>**(Spelling moet korrek wees.)** | 1 |
| 35. | tiener ✓<br>**(Spelling moet korrek wees.)** | 1 |
| 36. | B sterf ✓ | 1 |
| 37. | C afkappingsteken ✓ | 1 |
| 38. | A het ✓ | 1 |
| 39. | Rook kan longsiektes sowel as angsaanvalle veroorsaak. /<br>Rook kan angsaanvalle sowel as longsiektes veroorsaak. ✓ | 1 |
| 40. | Rook veroorsaak depressie en angs./<br>Rookveroorsaak angs en depressie. ✓ | 1 |
| 41. | C in ✓ | 1 |
| 42. | Patrick sal met hulle die feite van die lewe deel. ✓ | 1 |
| 43. | Dialoog: Maak gebruik van die meegaande nasientabel.<br>**(Aanvaar die beplanning indien daar nie ’n dialoog is nie. Moenie penaliseer indien daar nie beplanning is nie.)** | **20** |

| Kriteria | Uitmuntend | Beduidend | Voldoende | Basies | Ontoereikend |
|---|---|---|---|---|---|
| **Beplanning en Redigering**<br><br>**5 punte** | **5** | **4** | **3** | **2** | **0-1** |
| | Deeglike beplanning en redigering het 'n uitstekende dialoog tot gevolg. | Duidelike beplanning en redigering het 'n baie goeie dialoog tot gevolg. | Bewys van beplanning en redigering het 'n goeie dialoog tot gevolg. | Min bewys van beplanning en redigering het 'n gemiddelde dialoog tot gevolg. | Geen beplanning of redigering |
| **Ontwikkeling van inhoud, samehang, oorpronklikheid, styl en formaat.**<br><br>**10 punte** | **9-10** | **7-8** | **5-6** | **3-4** | **0-2** |
| | Uitstekende kennis van vereistes van teks.<br><br>Styl, toon en register baie toepaslik.<br><br>Inhoud en idees algeheel same-hangend<br><br>Alle detail ondersteun die onderwerp.<br><br>Al die nodige reëls vir die formaat is toegepas | Voldoendkennis van vereistes van teks.<br><br>Styl, toon en register oor die algemeen toepaslik.<br><br>Inhoud en idees samehangend<br><br>Detail ondersteun die onderwerp.<br><br>Die meeste van die nodige reëls vir die formaat is toegepas | Gemiddelde kennis van vereistes van teks.<br><br>Styl, toon en register voldoende.<br><br>Inhoud en idees voldoende same-hangend.<br><br>Sommige van die detail ondersteun die onderwerp.<br><br>Kennis van die nodige reëls vir die formaat is voldoende. | Basiese kennis van vereistes van teks.<br><br>Styl, toon en register nie geskik vir die onderwerp nie.<br><br>Styl, toon en register nie geskik vir die onderwerp nie.<br><br>Min detail wat die onderwerp ondersteun.<br><br>Kennis van die nodige reëls vir die formaat is vaag. | Geen kennis van vereistes van teks.<br><br>Styl, toon en register pas nie by doel, gehoor en onderwerp nie.<br><br>Styl, toon en register pas nie by onderwerp nie.<br><br>geen detail wat die onderwerp ondersteun<br><br>Geen kennis van die nodige reëls vir die formaat nie. |
| **Taal en register Taalstrukture en konvensies, woordkeuse, punktuasie en spelling**<br><br>**5 punte** | **5** | **4** | **3** | **2** | **0-1** |
| | Grammatikaal akkuraat, sinne is baie goed saamgestel.<br><br>Uitstekende woordeskat.<br><br>Feitlik foutloos. | Grammatikaal meestal akkuraat, sinne is goed saamgestel.<br><br>Toepaslike woordeskat.<br><br>Meestal foutloos. | Sommige grammatikale foute<br><br>Gemiddelde woordesat.<br><br>Besaai met foute wat betekenis onduidelik maak | Onvoldoende grammatika met baie foute<br><br>Onvoldoende woordeskat<br><br>Besaai met foute wat betekenis verbloem. | Besaai met foute en verwarrend<br><br>Woordeskat nie geskik<br><br>Betekenis heeltemal onduidelik |